

Oneerlikheid probeer selfs soetkoekies vir die Here bak

Oneerlikheid, onopregtheid, onwaaragtigheid, 'n huigelende hart en mond en lewe maak eienaardige broumengsels aan. In die dae van Miga se optrede het die saad wat hy onder die verbondsvolk moes saai, aanhoudend op klipharde paaie geval. Hulle het voorgegee dat hulle luister, maar hulle nie daaraan gesteur nie. Onopreg voor die Here daarom die regsgeding, die twis van die Here. Toe draai hulle die twis om en maak die Here die skuldige. Hy maak dit onmoontlik vir sy kinders. Hy is 'n sware offer las vir sy volk. Wat doen Hy aan al die onreg, ongelukkigheid en die wêreld? Onopregtheid maak slegte mengsels aan. As jy self skuldig is en dit nie wil weet nie, beskuldig jy ander daarvan. Maar in sy lankmoedigheid herinner die Here hulle aan al sy dae in die verlede. Gelowiges vergeet so dikwels die Here se dae in eie lewe en kerkgeskiedenis wanneer bese gedagtes oor die troue Verbondsgod in hulle opkom. Vir Israel van ouds staan die uitleiding uit die slawehuis bo alles uit.

En vir ons? Wat is groter as die uitleiding uit die slawerny van die sonde? Toe maak onopregtheid in sy onbekeerlikheid nog 'n mengsel aan. Kom ons beïndruk die Here 'n slag en offer elkeen 'n kind. Kom ons gaan doen van huis tot huis iets spesiaals, buitengewoon. Kom ons lees vir 'n maand elke oggend uit die Bybel.

Offers waarin die liefde en opregtheid van gehoorsaamheid nie is nie, is 'n gruwel vir die Here. Ons moet nie soetkoekies van eiewillige gedagtes vir die Here probeer bak nie. Hy weet hoe hart en sinne staan daarbinne. Nou wat dan? Hy het jou bekendgemaak, o mens, wat goed is, en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? 'n Volmaakte, heilige, Godwelbehaaglike "lewensresept". Luister wat die Here vra – niks meer nie, niks minder nie.

- Sy wil te doen
- Liefde te laat uitstraal
- Klein, afhanklik, gelowig kinderlik en in dankbare erkenning voor die God van jou doop te lewe.

Sing: Psalm 4:3 (1936)